

Wat is die sin van die lewe? Waaroor gaan dit alles?

PREDIKER 9: 1-10

Nagmaal – 19 Mei 2019

Skriflesing en prediking Prediker 9: 1-10

1.

Gemeente

- Waar lê die sin van ons bestaan?
- Wat gee sin en betekenis aan ons aardse lewe?

As ons Prediker lees word dit duidelik dat dit **die** vraag is wat telkens in die boek Prediker na vore kom.

Natuurlik word die vraag nie net deur Prediker gevra nie. Hierdie vraag word op baie maniere vandag ook aan elkeen van ons gestel.

- In 'n wêreld waar dit dikwels **goed gaan met ongelowige en goddelose mense en sleg met gelowiges**, moet ons onself vra of dit nog sin het om opofferings te maak ter wille van geloof.
- In 'n lewe wat **onvermydelik op die dood afstuur**, moet ons onself vra of daar nog enige sin in is om nou te leef.
- In 'n wêreld waar **persoonlike genot en persoonlike voordeel die hoogste ideaal is**, moet ons onself vra wat vir ons die belangrikste in die lewe is.

Vriende, het u al probeer om vir uself 'n antwoord op die vrae te gee?

2.

Prediker het! In die teksgedeelte wat ons gelees het, sien ons hoe die Prediker worstel met dié vrae.

Prediker is 'n man wat na die wêreld **van sy tyd kyk en probeer om dit wat sin en waarde het daarin raak te sien**. Maar wanneer Prediker na die wêreld kyk, **stuit hy teen verskeie probleme**.

Die basis van sy probleem is daarin te vinde dat hy God

- beleef as 'n **ver verwyderde God** wat deur geen mens **geken of verstaan** kan word nie, en tot wie die **mens nie toegang het nie**.
- God is vir hom die Almagtige en die Soewereine aan wie die mens se **lot uitgelewer is**.
- Die feit dat God almagtig en soewerein is, is vir hom nie 'n troos nie, want as hy na die wêreld rondom hom kyk, lyk dit vir hom asof God die lotgevalle van die mens bepaal **sonder om die mens se geloof of sy dade in ag te neem**.
- In sy alledaagse bestaan sien hy dat God **toelaat dat dieselfde lot alle mense tref**. **Goed en sleg, gelowig en ongelowig** moet op een of ander stadium sterf. Die **dood is almal se voorland**.

In vers 2 van die teksgedeelte verwoord Prediker sy ontnugtering baie duidelik. Daar staan:

Een en dieselfde lot tref almal: die regverdige en die goddelose, die goeie, die reine en die onreine, die een wat offer en die een wat nie offer nie. Soos dit met die goeie gaan, so gaan dit met die sondaar, soos dit gaan met die een wat 'n eed aflê, so gaan dit met hom wat weier om 'n eed af te lê.

3.

Wat Prediker hier sê, is 'n baie **radikale en skokkende** uitspraak vir sy tyd. Baie mense in daardie tyd het geglo dat 'n mens in die lewe **voorspoed beleef as jy regverdig is, en dat jy teenspoed beleef as jy goddeloos is**. Anders gestel was lyding en swaarkry gesien as die straf op sonde.

'n Goeie voorbeeld van dié tradisionele verstaan van die verhouding tussen lyding en sonde vind ons by **Job se drie vriende Elifas, Bildad en Sofar**. Hulle was vas oortuig dat Job se lyding se oorsprong te vinde is in sy sonde of goddeloosheid. Deur lyding en swaarkry straf God Job se sonde.

4.

Ons lees egter in Prediker dat die verstaan van lyding en straf **nie vir die Prediker aanvaarbaar is nie**. Hy reageer skerp teen hierdie onbuigbare leer van vergelding.

Wanneer hy na die wêreld om hom kyk sien hy dat dit juis nie waar is nie.

- **Dieselfde lot tref almal**, die goeie en die slegte mense.
- Die **gelowige en die sondaar kry swaar en ervaar lyding**.
- **Beide die gelowige en die sondaar se lewe loop uit op die dood**.

Omdat dit so is, is dit vir hom ook **glad nie verstommend dat die mens vol boosheid en dwaasheid is nie** - watter sin het dit om goed te leef as die sonde en die kwaad nie gestraf word nie?

As ons rondom ons kyk. Na die wêreld daar buite, sien ons baie mense wat met die selde houding leef.

In die lig van dié gevolgtrekking (dat die selfde lot almal tref) vra Prediker dan of daar nog sin in die lewe is, en hy weeg dan die lewe en die dood teen mekaar op.

Hy antwoord dan dat **die lewe relatief beter is as die dood**, want, en hy skryf "*solank jy onder die lewendes is, het jy hoop*". Wanneer hy verduidelik hoekom hy so sê, sien ons 'n **bittere ironie en 'n wrange pessimisme** by die Prediker raak.

Indien u onthou skryf hy dat 'n hond wat lewe beter is as 'n dooie leeu. In ons taal gestel: 'n Halwe eier is beter as 'n leë dop. Bowendien is die enigste verskil tussen die **lewendes en die dooies dat die lewendes weet dat hulle ook onvermydelik tot sterwe sal kom**, terwyl die dooies niks weet nie, niks doen nie en niks beleef nie.

Watter twyfelagtige voordeel is dit nie broers en susters!

5.

In hierdie **hopelose situasie en sinlose wêreldorde sê Prediker dat 'n mens nou maar die beste van 'n slegte saak moet maak en die lewe hier en nou moet geniet**

- God het dit goedgekeur en laat dit toe. Let wel broers en susters. Ons **moet net**

onthou dat Prediker nie sy lesers oproep tot sondige uitspattigheid nie, maar om die gawes wat God wel in hierdie lewe aan die mens gegee het, te geniet.

- Prediker sê 'n mens moet **brood eet en wyn drink**, want dit is die alledaagse gawes van God.
- Jy moet **wit klere dra** as teken van vreugde
- en die **lewe geniet saam met die vrou wat jy liefhet.**
- Laastens moet jy ook die **werk doen wat op jou pad kom, want ook dit kan soms deel wees van die genieting van die lewe.**

Dit alles moet 'n mens doen, nie soseer omdat lewensgenot iets positiefs is nie, maar omdat **dit 'n plaasvervanger is vir radeloosheid in die lewe.**

Broers en susters, ons sien dus dat Prediker 'n **opperste pessimis bly.**

- God is vir hom onverstaanbaar en onbereikbaar ver.
- God beloon nie die regverdige nie, en straf ook nie die goddelose nie;
- en in die dood is daar ook geen onderskeid tussen die regverdiges en die goddelose nie.
- Daarom moet 'n mens maar die lewe hier en nou geniet – daar is niks anders wat jy kan doen nie.

6.

Nou is die vraag, of ons die wêreld ook so beleef? As ons rondom ons kyk sal ons sekerlik ook

- **opreg gelowige mense** sien wat gebuk gaan onder baie swaarkry terwyl daar slegte goddelose mense is wat besondere voorspoed geniet.
- 'n Mens blaai **net een keer deur die koerant, of skakel jy die nuus aan sien 'n mens hoe goed dit gaan met mense wat ander tot nadeel is.**
- Hoe **baie mense is daar nie wat selfsugtig en liefdeloos** is en tog in weelde en rykdom leef nie.

Ek is daarvan oortuig dat elkeen van ons op een of ander stadium so 'n persoon geken het of van weet.

Hierin sal ons dus met Prediker saamstem: **Voorspoed of swaarkry in die wêreld kan glad nie bepaal word deur 'n persoon se vrome of sondige optrede nie.**

7.

Maar, gemeente, **ons kan heeltemal tot 'n ander gevolgtrekking as Prediker kom - want God is nie meer vir ons ver en ontoeganklik nie.**

In sy Seun, Jesus Christus, het God naby aan ons gekom! Die afstand tussen God en die mens het God oorbrug deur sy Seun as Middelaar na ons wêreld te stuur. Die afstand kan ons nie oorbrug nie. Nie deur

- wysheid,
- vroomheid
- of deur goeie dade kan ons by God uitkom nie.

Slegs deur **geloof in die enigste opgestane** Heer en deur die genade en liefde van God kan ons die sonde en dood troef.

Vanuit die Prediker en baie van ons se situasies is die lewe inderdaad sonder sin, **maar** deur Jesus Christus het daar sin in ons bestaan gekom. Omdat Jesus uit die dood opgestaan het kyk ons met ander oë na die lewe.

Gemeente;

- As ons Jesus ken, **ken ons God se liefde en genade en weet ons dat Hy nie meer ver van ons af is nie.**
- As ons Jesus Christus ken, **weet ons dat ons nie meer vir die dood hoef bang te wees nie,** want die dood is nie meer die absolute einde nie - die dood is slegs die poort waardeur ons moet gaan om die ewige lewe by God te ontvang.
- As ons Jesus Christus ken, ken **ons ware vreugde in die lewe, en weet ons dat diens aan God en ons medemens sin tot ons lewe kan voeg.**

8.

Hoe sou 'n mens die teksgedeelte en boodskap **konkretiseer**?

Loop die vroue na Jesus se graf sou hulle die Prediker se gedagtes deel. Vanuit hulle perspektief het Jesus 'n nuttelose, sinlose dood gesterf. **Dalk het Maria op die oomblik, soos sy na die graf loop, gevoel dat alles tot niks kom nie. Dat die lewe werklik sinloos is.**

Die vroue vind egter nie 'n toe graf nie, maar die opgestane Here. Hoe sou hulle nou die lewe ervaar? **Is die lewe steeds sinloos in die lig van die oop graf?** Met watse emosies en gedagtes sou hulle die lewe weer inloop?

Amen.